

28 Desember

2 Konings 6:8-23

Bring God in die situasie

Ons kom daagliks in situasies wat ons vreesbevange maak. Dalk was dit met die doodstyding van 'n geliefde of toe u hoor u het kanker of toe u pakket moes neem. Ons sien dat die slaaf van Elisa ook vreesbevange was toe die koning van Aram 'n leërmag stuur om Elisa gevange te neem. Dotan was op 'n heuwel geleë wat rondom deur berge omring was. In die nag word die stad omsingel.

Toe Elisa se slaaf die oggend die gevaar sien roep hy bekommerd: "Ag, Meneer! Wat gaan ons nou maak?" Elisa is baie kalm as hy sê: "Moenie bang wees nie, dié wat by ons is is meer as wat hulle is". Elisa verkeer in dieselfde gevaar en tog tree hy anders op, omdat hy wyer kyk en God in die situasie bring. So geweldig soos die leërmag van die Arameërs rondom die stad was, nog geweldig was God se leërmag op die berge rondom die stad. Deur geloofsoë kon hulle God se beskermende teenwoordigheid raaksien.

Ons raak dikwels paniekbevange omdat ons net teen situasies vaskyk. God is altyd beskermend teenwoordig. Hy het ons duur gekoop. Jesus het groot benoudheid deurgemaak, veral aan die kruis toe Hy uitroep: "My God my God, waarom het U My verlaat?", sodat God ons nooit meer sou verlaat nie.

Die Heilige Gees gee geopende oë om God se beskermende teenwoordigheid raak te sien. Daarom moet u met geloofsoë na situasies kyk wat paniek wek. Bring God in die situasie sodat u sy beskermende teenwoordigheid ook agter die skerms raaksien.

Sing: Psalm 121:2, 4

Ds. M.A.F. Kruger (Springs)